# SAGES Senior Golfers

## LAEVELD / LOWVELD

**NEWSLETTER / NUUSBRIEF        JULIE 2026        NO.07/2026**

Daar is geen kortpad na wysheid nie. Dit vra nie geleerdheid nie, dit vereis nie boeke kennis nie, nee, dit vra ondervinding van God se genade en die sien en belewenis van Sy wonderdade in en om jou elke dag.

In die algemeen, om te dink jy weet alles, om te dink dinge gebeur toevallig, is eintlik dom, en as ek dink alles draai om my dan is ek nog dommer. Maar om die onbegryplike genade van God raak te kan sien en erkenning daarvoor te gee is slim, nee, meer nog, dis insig, dis wysheid.

As wysheid met die ouderdom in grysheid by my inkom moet ek teen ekkerigheid waak, want gou kan ligsinnigheid en gekheid in my nes kom maak en ek in dwaas-- en eensaamheid, dom sal raak....

Wysheid raak op as dit te trots word om te huil, te ernstig is om te lag en te vol van homself is van sogenaamd weet. Oppas vir die man wat homself grootkop hou, hoe groter sy hoof hoe erger sy hoofpyn. As jy wysheid/insig het, het jy self die voordeel daarvan; as jy 'n ligsinnige mens is, dra jy alleen die las.

Net om mekaar te herinner: 'n Man wat nie weet nie en nie weet dat hy nie weet nie, is aan die slaap, maak hom wakker. Hy wat nie weet nie en weet dat hy nie weet nie is soos 'n kind, leer hom. Hy wat dink hy weet en eintlik nie weet nie, is 'n dwaas, vermy hom. Hy wat weet dat hy weet en ander weet ook dat hy weet is wys, volg hom. Maar hy wat sogenaamd alles weet en voorgee dat hy volleerd is, en 'n antwoord vir alles het, het moontlik die vraag verkeerd verstaan, of in toeval geglo, verskoon hom liewer of bejammer hom, want ons  weet dat sulke ouens  eendag uitgevang sal word. Sulkes leef in eensaamheid.

Maar na alles:  Welgeluksalig of net gelukkig, is hy wat oorloop van blydskap, want dit is aansteeklik en spoel oor na ander...... want hy weet van iets wat baie belangrik is, wat ander dalk nie van weet nie.

***

Weereens was dit 'n aangename gholfdag op Witrivier. 41 Laeveld Sages lede en vyf besoekers. Andre Blom ons Nasionale President se besoek aan ons was spesiaal.

- **BESOEKERS:**

Naas Maritz, Elphas Maseko, Ben Nkambula en Peter Gibson.

- **VERSKONINGS:**

Koot, Sys, Loks, Paul, Pieter B, Len, Chris, Herklaas, Gerrie, Gert, Pieter d V, Dennie, Daleen, Jurgens, Deon, Flip, Bennie K, Ockie, Bert, Wilma, Kobus J, Jakkie, Jaap, Leon S, Herman , Nico, Cobus, Piet B, Eileen, Japie, Zonja, Sandy, Tobie, Riaan, Christo S, Piet C, Dawie v/M, Andre A, Eugene, Pieter d J

- **BEDANKINGS:**

Thanks to the following: Dain Vosloo, Johan Botha, Carl Potgieter, Clint Pavkovich and Gavin Giddes. All involved in the management of White River Golf Club, Thank you for allowing us to use your beautiful facilities. Gerhard, Andre, Kobus, Alec, Pieter, Patrick, Cas, Sydney en ander Witrivier Sages lede, dankie vir jul gasvryheid en 'n lekker byeenkoms.

- **JULIE VERJAARSDAE:**

Spyker de Beer 01/58,
Flip Walters 07/59,
Lappies Labuschagne 12/58,
Hennie Viljoen 17/58,
Herklaas du Preez 28/48
Dawie Smuts 06/55,
Angelo 11/30,
Mynhard Labuschagne 16/55,
Mbogeni Mabuza 21/64,

- **PERSONALIA:**

Andre Doman het 'n beroerte gehad en hy is tans in ICU. Geen besoekers op hierdie stadium nie asb. Piet Burger word al hoe beter en sy gemoed is

positief. Ons dink steeds aan albei in ons voorbidding. Dave Elphick, 'n oud Sageslid, is oorlede, ons eer sy nagedagtenis.

- **SPONSORS:**

Sydney het by Pick and Pay se Kobus Steenkamp n aansienlike bydrae gekry. Mooi so!

- **WINNERS:**

Today's comp: I P S

| | | |
|---|---|---|
| Winners: | 1st Roelf Faurie 38 pts. | 2nd Elphas Maseko 37 pts. |
| | 3rd Andre Blom 35 pts. | 4th Sonja Maritz, |
| | 5th James Warrington, | 6th Leon du Plessis, |
| | 7th Naas Maritz, | 8th Mbongeni Mabuza, |
| | 9th Johan J van Rensburg, | 10th Patrick Robson. |

Two clubs: Leon Wait x2
Naaste aan pen: Christo Bouwer en Ben Mkambula
Langste dryf: Hennie Schoeman en Andre Blom
Quantity Golf: Rudi van Wyk
Gelukkige trekking: omtrent ses gelukkiges

Algemeen:
Andre Blom, Nasionale Sages President, oorhandig erelidmaatskap aan 'n welverdiende George du Toit. Applous. Veiling ten bate van Barberton Gholfklub. Geslaagd

NEXT MEETING will be held at MALALANE GOLF CLUB on 20 August 2026.

It's not what you look at that matters, it's what you see.

Thank you all and cheers,

**Leon du Plessis**